

Taalverskeidenheid en Standaardafrikaans

(Vgl. Hoofstuk 6.2.1-6.2.2.2 (Carstens))

Nie alle sprekers van Afrikaans het dieselfde behoeftes nie. Verskillende beroepe vereis verskillende taalgebruik, net so praat mense van verskillende ouderdomme verskillend en mans en vroue se taalgebruik verskil. Mense uit verskillende kulture en gelowe gebruik taal verskillend. Die verskillende behoeftes lei tot heterogene taalgebruik. Heterogene taalgebruik toon verskeidenheid aan, nie een mens praat soos 'n ander nie. Daar is ook sosiale onderskeidings, dus ontstaan verskillende variëteite weens wisselende behoeftes.

'n Heterogene leerdergroep/gemeenskap vereis 'n heterogene uitdrukkingsmiddel. Dit beteken dat Afrikaans baie vorme en patrone in die mond van elke Afrikaanssprekende het. Almal praat Afrikaans en veral in die informele gesprek moet plek gemaak word vir die variëteite.

Afrikaans word as Standaardafrikaans in die skole geleer en getoets. Dis die formele onderrigvariëteit, maar in die informele situasies word Afrikaans gebruik soos elke individu wil en dit lei tot heterogene taalgebruik in Afrikaans.

Heterogeniteit dui op *ongelyksoortigheid*, terwyl homogeniteit op *gelyksoortigheid* dui.

Faktore wat kan bydra tot variëteite van 'n taal is, onder andere, verskillende streke, die sosiale opset, opvoeding en opleiding, beroepe, geslag, ouderdom, etnisiteit, geloof en die mate van formaliteit.

Die onderwyser behoort met die meeste van die faktore wat bydra tot taalvariëteit te doen te kry. Etniese verskille tussen leerders moet op sensitiewe wyse deur die onderwyser hanteer word. Daar is geen verband tussen taal en velkleur nie. Taal is 'n sosiolokale kwessie, dus hang taal af van die gemeenskap waarin jy groot word.

Taal is egter baie keer verbind met 'n etniese groep met tipiese uitspraakvorme, maar nie almal van die groep praat noodwendig so nie.

Jy as onderwyser moet nou reeds 'n strategie bedink om kwetsende praktyk van spottery teë te gaan wanneer 'n leerder 'n ongewone variëteit van Afrikaans gebruik. Jy as die volwassene in die klassituasie moet dit onomwonde stel dat elkeen met sy manier van praat *uniek* is en die *reg* het om so te praat. Wys daarop dat die doel van praat *kommunikasie* is en dat dit wel plaasvind al verskil die manier van uitspraak. Prys elkeen met sy taalgebruik, al verskil dit ook van joune.

Register is die taal wat spesifiek by 'n bepaalde situasie/aktiwiteit/omstandigheid pas, bv. in 'n vergadering, in 'n gesin, as mense wat 'n spesifieke stokperdjie beoefen byeen is. Die faktore wat bepaal watter register 'n spreker in 'n bepaalde situasie aanwend, is die *rol* wat gespeel word, die *domein* waarbinne dit afspeel en die *styl* (formeel/informeel) wat by die situasie pas.

Kodewisseling is die vermoë wat mens het om taalgebruik van een situasie na 'n ander te verander. Dit is wanneer die mens in taalgebruik/linguisties aanpas by die *gepaste* en regte situasie. Die vermoë help dat mens binne sosiale omstandighede van taalgebruik kan verander, mens kan selfs van taal verander en elkeen moet toegerus wees om dit te kan doen.

Standaardafrikaans word in formele en gesproke situasies as die mees sosiaal gepaste vorm gesien. Niestandaardvorme is *nie foutief of verkeerd* nie, dis net in sekere taalsituasies minder gepas, want dis nie die *algemeen gebruiklikste taalvorm* nie.

Standaardafrikaans is gepas in situasies waar die gesproke taalvorm die algemeenste gebruik word, maar ook waar formeel met die taal gewerk word. Waar formeel met die taal gewerk word, soos in die skoolopset, word Standaardafrikaans as die norm geleer, maar terelfdertyd word die leerders bewus gemaak daarvan dat daar ander variëteite bestaan. Variëteite moet dus erken word, maar almal moet verwag dat Standaardafrikaans as formele *onderrigtaal* onderrig word.

'n **Definisie van Standaardafrikaans** is dat dit die variëteit van Afrikaans is wat deur die Afrikaanse spraakgemeenskap *aanvaar* word as die taalvorm wat die *algemeenste gebruikswaarde* het oor die hele/grootste Afrikaanse *taalgebied* en dat dit *status* het.

Standaardafrikaans het drie subvariëteite en elkeen pas in sy eie situasie. Superstandaardafrikaans (SSA) dui op hoë, geaffekteerde uitspraak, bv. letteruitspraak, oorronding, asook oordrewe taalsuiwerheid (waar geen Anglisismes voorkom nie) en ook as daar argaïese vorme gebruik word, bv. in dier voege.

Die tweede subvariëteit is Formele Standaardafrikaans (FSA) wat dui op moedertaalsprekers in formele situasies (hoëfunksie Afrikaans). Dis die geskrewe Afrikaans vir formele doeleindes. *Met ander woorde dis die Afrikaans wat gebruik word in die kerk, in die onderwys, deur die media, ens.*

Derdens is daar die Informele Standaardafrikaans (ISA) wat dui op moedertaalsprekers in 'n informele situasie (laefunksie Afrikaans). Dis al die ongemonteerde situasies waar gesprek plaasvind.

Dit sal dus uiters onsinvol wees as 'n onderwyser Superstandaardafrikaans gebruik, want dit fokus op al die uitsonderings van die taal en is onnatuurlik. *Oorronding* is 'n manier van spraak wat die leerlinge nie ken nie en *ou* woorde ken leerlinge ook nie. Om so te praat sal *oneffektiewe* kommunikasie wees, die leerders sal nie *identifiseer* nie en sal selfs *lag*. Die soort taalgebruik *slaag* nie en *liefde* vir die taal word nie gebou nie.

Die onderwyser sal egter soms informele gesprekke (ISA) voer wanneer spontane uitruil van inligting geskied, veral tydens buitemuurse aktiwiteite.

Onderwysers se taalgebruik hang baie nou saam met *geloofwaardigheid* en of die leerders *respek* het vir haar/hom as onderwyser/es. As die onderwyser onafgerond praat en selfs sleng gebruik, koppel die leerder die taalgebruik direk aan die persoon van die onderwyser. Dit bepaal die vlak van respek en of die onderwyser 'n geloofwaardige identifiseringsmodel vir die leerder is. Die oomblik as die onderwyser bewustelik probeer om die leerders se sosiolek (manier van praat, bv. tienertaal) te praat, is hy/sy nie meer geloofwaardig nie. Die leerders verwag dat die onderwyser hoëfunksie (FSA) Afrikaans moet gebruik, want hulle soek in die onderwyser 'n *rolmodel*.

Watter waarde-oordeel kan mens uitspreek na aanleiding van die graad van "afwykendheid" van niestandaardvorme? Afwykende taalgebruik is nie onbeskaaf of van mindere gehalte nie. Die taalvorm is gewoonlik bloot beperk weens die *geografiese* opset of deur die *sosiale* opset en daarom word daardie afwykende vorm *nie* deur die meerderheid mense gebruik nie. Die benaming *niestandaardvorm* dui dan ook daarop dat die vorm *nie* orals die gebruiklikste vorm is nie. Dit is nie die standaard nie.

By niestandaardvorme word 2 begripsonderskeidings gemaak. Die eerste een is *omgangsvariëteite* en die tweede is *registervariëteite*. 'n Omgangsvariëteit is die variëteit waarin die spreker hom die natuurlikste uitdruk en iets van die spreker reflekteer, bv. sy geografiese *herkoms* of sy *sosiale* groepering. Registervariëteit is die variëteit waarin mense binne 'n groepsverband hulle *belangstelling* of *aktiwiteit* uitleef.

As ons verder praat oor omgangsvariëteite, dan kry ons te doen met geografiese dialekte (geolekte/streekstale). Daar is baie geolekte, bv. Boland, Swartland, Sandveld, Namakwaland, Boesmanland, Karoo, Wes-Kaapland, Oos-Kaapland, Bosveld, laeveld. Daar is *interne* verskille van uitspraak, woordeskat, sintaksis en op die vlak van semantiek/betekenis.

As mens groepe onderskei op grond van *sosiale* gronde, dan praat mens van sosiale dialekte (*sosiolekte*). So kry met sosiolekte op grond van groeperings in Johannesburg of Kaapstad of ander gebiede. Binne die groepe kry mens weer *sosiale* klasse, soos die *laer* klas met platter uitspraak, eie morfologiese vorme, eenvoudiger sintaksis, taalvermenging. *Middelklasse* wys weer minder vermenging en die *hoër* klasse wys bykans geen vermenging nie.

Etniese dialekte dui op 'n groep waar 'n spreker hoort en waar die meeste so 'n uitspraak het, byvoorbeeld die geolek en sosiolek van die Wes-Kaap is Kaaps as *etnolek*.

By omgangsvariëteite kry mens dus geolekte, sosiolekte en etnolekte.

Kennis van niestandaardvorme van Afrikaans *bevoordeel* die Afrikaanssprekende, want so 'n persoon het groter kommunikasiemoontlikhede. Die niestandaardvorme is ook *verrykend* vir Afrikaans omdat dit toon dat die taal *lewend* is en in verskillende rigtings ontwikkel.

Dit is byvoorbeeld voordelig vir 'n Kaapse Afrikaanssprekende om Kaaps te praat, want dis deel van sy *eie* mense en deur dit te praat kan *geheimhouding* ook plaasvind. Ander Afrikaanssprekendes wat nie Kaaps ken nie, kan dit nie ten volle verstaan nie. Dit ook soms *nadelig*, want as jy nie in die Kaap bly nie en net Kaaps ken, benadeel dit jouself, daarom skakel die niestandaardvormgebruiker meesal oor na Standaardafrikaans dat meer mense hom kan verstaan.

Registerafrikaans is 'n groepstaal wat gepraat word deur *belangstellendes* by 'n sekere *aktiwiteit*. Dis ook bekend as 'n jargon. Daar is eie woorde en uitdrukkings wat oningewydes nie verstaan nie (vaktaal, geheime taal, ens.) Daar is egter woordeboeke as hulpmiddel om te help waar mens as oningewyde 'n groep as onverstaanbaar ervaar.

Vorme van Afrikaans: SSA, FSA EN ISA is Standaardafrikaans

Niestandaardafrikaans is registervariëteite en omgangsvariëteite

Omgangsvariëteite is geolekte, sosiolekte en etnolekte.

Registervariëteite is taal rondom 'n sekere aktiwiteit.

'n ONDERWYSER SE STREWE BEHOORT TE WEES OM INLIGTING VERSTAANBAAR AAN DIE MAKSIMUM AANTAL LEERDERS OOR TE DRA

Swak uitspraak bv. deur *lui* artikulasie/vorming van woorde kan veroorsaak dat 'n apteker dalk 'n verkeerde voorskrif gee of dat die pasiënt verkeerd hoor en verkeerde medisyne aanskaf. As 'n prokureur genader word en swak of lui taaluitspraak het, sal mens aan sy integriteit twyfel. As 'n onderwyser aan leerders 'n nuwe begrip/metode verduidelik en *slap en lui uitspraak* het, sal *swak kommunikasie plaasvind, oordrag sal misluk en die leerder sal dit steeds as onverstaanbaar ervaar*.

Kenmerke van goeie uitspraak is 1) dis hoorbaar 2) dis natuurlik 3) dit toon nie opvallend persoonlike of maatskaplike eienskappe nie en 4) dis nie slordig, dialekties of aanstellerig nie.

Standaarduitspraak van Afrikaans is die doelmatigste uitspraak van die taal deur die mees algemene uitspraak en die vermyding van afwykings sodat op sy beste verstaan kan word oor die hele Afrikaanse uitspraakgebied.

Wat in gedagte gehou moet word by die toepassing van standaarduitspraak is dat streekstaal, letteruitspraak, slordighede en verkeerde beklemtoning nie die reël is by standaarduitspraak nie.

Steekuitspraak is nie aanvaarbaar as standaarduitspraak nie, want die uitspraak is beperk tot 'n gepaalde geografiese streek en is nie algemeen gebruik nie bv. Boom > boem > bohem

Letteruitspraak is as die spreker oorbewus is van korrekte uitspraak. Die spelling van die woord lei die spreker om die woord uit te spreek soos die letters van die woord gespel is en dis baie hinderlik bv. Be-no-digd-he-de.

Oormatige *assimilasie* is onnatuurlik en plat bv. ekwerittie (ek weet dit nie)

Jy as onderwyser moet hierdie uitspraakvorme vermy, want almal in die klas moet jou baie goed kan hoor en verstaan, onnatuurlikheid en slapheid lei tot gebrek aan geloofwaardigheid en swak kommunikasie. (So 'n onderwyser sal gou 'n bynaam kry- Ou slappie, Mompelkous, Brommer). Verkeerde *beklemtoning* as gevolg van Engels se invloed moet ook deur die onderwyser vermy word, bv. telefoon' teenoor te'lephone.

Kodewisseling is die vermoë van 'n spreker om van register te verander, bv. die rol van die onderwyser teenoor meerderes/minderes op 'n die sportveld (terrein); tussen vriende bv. tydens kampe (styl).

Daar bestaan 'n direkte verband tussen die taalvorm wat 'n onderwyser in die klaskamer gebruik en die effektiwiteit waarmee leer kan plaasvind, omdat die taalvorm van die onderwyser die leerder kan motiveer sodat effektiewe verstaan en leer kan plaasvind. Dit gebeur deur goeie taalgebruik, effektiewe kommunikasie, duidelike uitspraak en formulering en natuurlike uitspraak.

In die stuk van Peter Snyders is A niestandaardafrikaans en B is standaardafrikaans. A is 'n variëteit wat nie deur die meeste gebruikers oor die grootste gebied waar Afrikaans gepraat word, gebruik word nie.

Hierdie variëteit is nie foutief of afwykend nie, dis bloot streeksgebond en beperk en pas net binne hierdie gebied.

Hierdie is 'n voorbeeld van *omgangsvariëteit* want dis 'n spesifieke taalvorm binne 'n spesifieke streek, etnies/sosiale groep en dit dui nie op iemand in 'n spesifieke rol/terrein/styl (register) nie.

Die faktore wat verskil tussen stuk A en stuk B berus op sosiale, etniese of streeksfaktore teenoor opgevoede, hoëfunksie en standgebruik van die taal.

As mens kyk na die drama, *Zollie*, dan merk mens dis bendetaal onder die subgroep registertaal. Hulle taalgebruik is, onder andere, shelter, steamers, spooksiek en papagaaislaai.

Dis niestandaardvorme omdat elkeen die taal op sy eie manier gebruik en op so 'n manier dat oningewydes dit nie verstaan nie.

Hulle praat so omdat dit hulle manier is om te *kommunikeer*.

Neito my Bra! Vattie tjol'ie beteken *nee my broer, ek vat nie nonsens/onsin nie*.

'n Onderwyser kan nie hierdie taalvorm aanmoedig nie, omdat die *onduidelik en onnatuurlik is en dui op persoonlike en maatskaplike eienskappe*. *Dis ook slordig en net 'n klein groepie met hul eie belange praat so en die meerderheid sal hulle nie verstaan nie*.

Marinus Titus se gedig noem sekere uitspraakverskynsels. Dis *uitspraakslordighede* en *tissennie* dui op oormatige *assimilasie* en *ontronding*.

Party uitspraakvorme, soos *assimilasie*, is soms aanvaarbaar omdat dit 'n natuurlike proses is bv. *innie, soessie, ennie, onnie, daai, wattie, allie*.

Wanneer iemand elke letter van die woord uitspreek, word dit *letteruitspraak* genoem. Letteruitspraak is nie aanvaarbaar nie, want dit klink onnatuurlik, skoolmeesteragtig. As die letters so uitgespreek word, is dit nie ware weergawe van die taal nie. As sprekers volgens spelling probeer praat, is dit buitengewoon hinderlik.

'n Gedig soos die van Titus is 'n voorbeeld van omgangsvariëteit omdat die digter praat van *ons*. Dit dui op 'n sosiale groep, op 'n geolek of 'n etnolek'.

Hierdie digter kan ook nie in Standaardafrikaans die gedig skryf nie, want die gedig is deel van sy eie mense, dit gee sy intense emosie weer in sy eie moedertaal.

Reëls 5 en 6 sal soos volg wees in Standaardafrikaans: rig ons deur die onluste, gee eerstehulp/medisyne vir die hartseer.

As mens dink aan klem in Afrikaanse woorde, dan is dit gewoonlik op die agterste lettergreep, maar onder die invloed van Engels verskuif dit na die voorste lettergreep. Die klem in die volgende woorde is: eenvor'mig, absoluut' parlement' minera'le